DAG 14

Die smeltkroes van reiniging

Lees 1 Korintiërs 3:9-23.

Die dag kom met vuur, en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk toets (v. 13b).

Wanneer ons nader aan God kom, is die gevolg daarvan die reiniging van ons lewe. Jy moet jouself reinig as jy God se heilige berg wil nader. So leer die Skrif ons. God vra van ons skoon hande en 'n rein hart. Dit beteken nie dat ons volmaak is voordat ons by God uitkom nie, maar dit impliseer 'n gesindheid van gebrokenheid en afhanklikheid. Ons begeer dat die Here se reinigende invloed in ons lewe werksaam sal wees.

Die Here kyk ook na ons motiewe en ons gesindhede. Ons natuurlike ingesteldheid is sondig. Uit onsself wil ons net die dinge doen wat die Here nie wil hê ons moet doen nie. As die mens gelos word om te leef soos hy wil, word hy 'n instrument van vernietiging. Immoraliteit en sondige begeertes dikteer dan sy aktiwiteite.

Ons weet egter dat die vuur van God se straf uitgestort is op Jesus Christus aan die kruis. Omdat ons nou kinders van die Here is, wil God ons nie meer straf nie, maar bevry van die mag wat ons lewe wil vernietig. Dit is in die smeltkroes van God se werking in ons lewe dat die oorwinning wat vir ons bedoel is na vore kom. Laat God toe om in jou lewe alles uit te brand wat besoedel en vuil maak sodat jy 'n toonbeeld kan wees van 'n mens wat voor God in reinheid wandel.

Dankie, Here Jesus, dat U my reinig. Dankie vir u liefdevolle werking in my lewe wat my bring tot 'n oomblik van oorwinning in my lewe.

Aantekeninge: